# REDAKSIONEEL

DIE VORIGE UITGAWE

Verskillende intekenaars het om vir ons onverklaarbare redes nie die vorige nommer ontvang nie. In die uitgawe het dit nog eens gegaan oor *hoe verstaan ons die Bybel?* Die opvattings van prof. H. Kuitert, soos behandel deur dr. R. H. Bremmer, kom daar op neer:

Soos die mens in die Middeleeue die priester moes gaan vra wat sê die Bybel, so word die mens in die moderne tyd na die selfgenoegsame mens van wetenskap, die teoloog, gestuur om te vra: wat sê die Bybel? In die vorige uitgawe handel ds. P. C. Rule oor „sisteemdwang" in die prediking en prof. J. A. Loader wat hom al taamlik skerp uitgelaat het teen Totius en die gereformeerde „fundamentalisme" (Herv. Teol. Studies), spreek hom tereg uit teen die opvatting wat die Ou Testament eensydig „Christosentries" verklaar. Hy verwerp die opvatting dat in die OT sprake kan wees van die „ontwikkeling van die Christusidee" met normatiewe betekenis. Hy vind wel Christusprediking in die OT. Die OT dra nie 'n kriptiese boodskap nie, maar praat konkreet in sy eie situasie. Tog bly 'n mens daarna met vrae sit in hoeverre die OT wel openbaring van God Drie-enig en in hoeverre dit oorkonde van Israelitiese teologie is? Kan 'n mens die OT bloot fenomenologies benader? Berus dié benadering nie ook op 'n geloofapriorie nie? Wie glo dat God openbaar, moet die Christusprediking ook kan vind deur die lig wat die NT op die OT te laat val (Hebr. 1 : 1).

Prof. Loader bepleit 'n trinitariese verstaansmodel by 'n Christosentriese. 'n Mens wonder of ons nie drie-eenheid bely maar prakties met drie-heid werk nie. Kragtens die triniteit is die Vader en die Heilige Gees selfs in 'n Christosentriese verstaansmodel betrokke. Die Christosentriese mag aan aksents-eensydigheid mank gaan of lei tot eensydigheid waardeur die Vader en Heilige Gees uitgeskakel word. Die Vader en Seun is immers in die Heilige Gees by ons aanwesig (filioque).

Ds. W. L. Kurpershoek ondersoek „dialoog" as modelsisteem met sy eie norme en hermeneutiese sleutel. As sodanig het dialoog die basis vir feitlik alle ekumeniese gespreksgroepe geword.

*Dialoog is om te praat oor wat gepraat word. Deur te praat kan „eenheid" tussen die mees uiteenlopende pole gesuggereer of gepretendeer word.* Dit is 'n geliefde en effektiewe model vir talle konferensies wat hulle met politieke en sosiale vraagstukke besig hou. Daarmee kan ook een of ander beplande uitspraak agterna aangedien word asof dit deur almal wat gepraat het, ondersteun was.

Blanke modelle is ingestel op konfrontasie, partyvorming en dwang deur meerderheidstem. Dit is goed dat ons daarop let dat die meeste swart kulture gerig is op harmonie en nie op dominering nie. Hulle basiese model is die strewe na *konsensus.* Miskien hang dit saam met die Skriftuurlike *homologiamodel* wat teenoor *dialoog* die basis vir die kerk moet vorm. Dit is jammer dat 'n beroep op homologia juis kerklike verdeeldheid en fragmentering tot gevolg gehad het. Die Nederlandse en Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis

toon dat homologia wat op die meerderheidstem na „partyverdeling" in sinodes afgedwing is, juis tot konfrontasies en kerklike fragmentering gelei het.

HIERDIE UITGAWE

Studies wat Calvyn en sy tyd belig is in hierdie nommer opgeneem. Dit is tog verrassend dat objektiewe studie van die oorspronklike bronne 'n ander kennis oor Calvyn na vore bring as wat tradisioneel aanvaar is. In hierdie uitgawe lewer naas teoloë ook dr. Simpson van die Dept. Latyn aan die P.U. vir C.H.O. 'n waardevolle bydrae. Sy vertaalwerk open die oorspronklike werke van Calvyn, soos die onlangs gepubliseerde vertaling van die eerste uitgawe van Calvyn se Institusie.

ADMINISTRASIE

Mev. S. A. Louw wat oor jare offervaardig die administrasie van *In die Skriflig* behartig het, het verkies om nou uit te span. Ons wil haar hartlik bedank vir getroue en sorgvuldige diens gelewer. Mev. Ina Kruger, eggenote van die Registrateur van die HTS, het goedgunstiglik ingewillig om die werk oor te neem. Baie dankie.

ADMINISTRATIEWE VERSLAG VAN „IN DIE SKRIIFLIG"

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MEI 1981

| | | |
|---|---|---|
| *Inkomste* | | |
| Intekengeld | R 1 446,46 | |
| Donasies | 902,00 | |
| | | R 2 348,46 |
| Tekort vir die jaar | | 689,73 |
| | | R3 038,19 |
| *Uitgawes* | | |
| Drukkoste (3 uitgawes) | R 2 411,33 | |
| Administrasiekoste | 176,86 | |
| Hoofkantoorkoste | 300,00 | |
| Honorarium redakteur | 150,00 | |
| | | R 3 038,19 |

BALANSSTAAT SOOS OP 31 MEI 1981

| | | |
|---|---|---|
| Opgehoopte fonds | | |
| Saldo op 1 Junie 1980 | R 3 514,63 | |
| *Plus* rente op spaarrekening | 135,08 | |
| | R 3 649,71 | |
| *Min* tekort aan inkomste oor uitgawes | 689,73 | |
| | | R 2 959,98 |
| Verteenwoordig deur | | |
| Kontant in bank | 302,59 | |
| Kontant in spaarrekening | R 2 657,39 | |
| | | R 2 959,98 |

OPMERKINGS

1. Drukkoste het grootliks gestyg met R236 per uitgawe (50%) in die afgelope vier jaar. Dit beklemtoon die behoefte aan meer intekenare en donasies indien die intekengeld dieselfde moet bly.
2. Die oplaag bedra tans 425, waarvan 53 gratis en as ruilnommers sirkuleer, o.a. na Europa, Australië en die V.S A.
3. Hartlik dank word betuig aan mnr. J. Boot wat elke jaar die boeke van *In die Skriflig* gratis oudit.

H. A. LOUW.

GELUKWENSING:

Graag wil ons die volgende predikante gelukwens met die verwerwing van hul Th.M.-graad aan die PU vir CHO:

G. C. P. Labuschagne van Meyerspark, Pretoria met sy verhandeling: *Die indikatief en die imperatief in die prediking — 'n Homiletiese studie;* T. C. Rabali van Ikageng, Potchefstroom met 'n verhandeling oor: *The Apostle-motif with reference to Christ's apostleship in the Gospel of John — 'n Openbaringshistoriese studie;* A. G. S. Venter van Bloemfontein-Wes met 'n verhandeling oor: *Die gesag van die Apostoliese prediking volgens die redeneringe in Handelinge, 'n Kanoniese en eksegetiese studie.*

Vervolgens 'n woord van hartlike gelukwensing aan dr. J. van Vuuren du Plessis wat die D.Phil-graad verwerf het met sy proefskrif: *Die Skriftuurlike grondslae van die kerklike pastoraat vanuit 'n eksegetiese en prinsipiëel leerstellige siening met 'n verwysing na die problematiek van die pastorale psigologie,* aan die fakulteit Lettere en Wysbegeerte van UOVS.

Aan die PU vir CHO het dr. C. F. C. Coetzee 'n D.Th. verwerf met sy proefskrif oor: *Die werk van die Heilige Gees in die teologies denke van Andrew Murray.* Dr. J. J. (Fika) van Rensburg het die D.Th. verwerf oor *Die ontleding van sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament. Die ontwerp van 'n metode, geïllustreer* met Romeine 8 ('n Hermeneutiese studie).

*In die Skriflig* nooi hierdie broeders uit om aspekte of oorsigte van hierdie studies te publiseer sodat daar wyer publisiteit aan die volhardende en indringende studiewerk gegee kan word.

L. F.